LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 23/2025

## Week se Program

### 26 Julie 2025

- Hokkie Hoëveldgroep te LS Marietjie van Niekerk
- Landloop ASA te LS Goedehoop
- Expo - Gert Sibande

### 28 Julie 2025

- Krieket vs LS Secunda o/9 (Tuis)
- Krieket vs LS Trichardt o/13 Aand
- Oueraand Gr. 000 tot 3, LSEN
- Oueraand Gr. 4 tot 7 - Voogklasse

### 29 Julie 2025

- Hokkieliga vs LS Hoëveld o/12 & o/13 S
- Krieket vs LS JJ vd Merwe o/10 (Tuis), o/11 (Weg)

### 30 Julie 2025

- Skaak vs Kalie de Haas (Vriendskaplik)
- Krieket vs LS Kruinpark o/13 Aandliga
- Landloop Hoëveldgroep te LS Oranjegloed

### 31 Julie 2025

- Hokkieliga o/11 tot o/13 vs LS Standerton
- Krieket vs LS JJ vd Merwe o/12 (Tuis), o/13 (Weg)

### 1 Augustus 2025

- Skaak Uitspele Circuit

### 2 Augustus 2025

- Dans Interdistrik
- Krieket Hoëveldgroep
- Landloop te LS Kruinpark

### 28 tot 29 Julie 2025

- Artistatue Kunstefees

### 1 tot 2 Augustus 2025

- Super 12 Hokkie o/13 S & D

## Mnr Gawie sê sy sê...Die lente kom

Sommige mense hou van die winter. Die meeste van ons is egter nie mal oor die koue nie. Winter maak dit vir ons moeilik om buite te wees en soms voel dit of ons vryheid beperk word. Ons word ook soms meer siek in die winter en ons raak meer vatbaar vir verskillende siektes. In die winter is dit egter lekker om snoesig te kan opkrul voor 'n kaggel, met 'n warm kombers en warm sjokolade voel amper soos 'n warm drukkie om jou lyf. In die winter voel dit ook soms of ons ook meer drukkies nodig het. Dit voel nag rondom ons en ons voel meer depressief. Die feit bly staan, ons almal voel soms die winter in ons gemoed en dan verloor ons die lus om elke dag met ywer aan te pak. Ons moet egter onthou, die winter het ook waarde, dit is miskien nie 'n lekker tyd nie, maar die koue van die winter laat die parasiete en ander siektes vrek. Net so ook in ons persoonlike lewe. Ons almal het soms 'n wintertydperk nodig sodat die parasiete wat in ons lewe is ook kan vrek. 'n Tydperk waar ons bietjie opkrul in stilte voor ons Skepper sodat Sy arms ons kan toevou? Hierdie is nodig om ons siel gesond te hou. Ons moet ook onthou, aan die einde van die winter is daar altyd 'n lente, 'n tyd van groei en nuwe begin. Ons kan egter nie lente hê sonder 'n winter nie. Indien u as ouer uself in 'n winter stadium bevind, hou moed, die lente is oppad. Maak die beste van hierdie winter deur tyd saam met u Skepper deur te bring in gebed en smeking.

## Goegieland

Ons hoop julle het 'n heerlike en rustige wintervakansie gehad! Dis wonderlik om al ons maatjies weer terug by die skool te hê – gereed vir 'n prettige nuwe kwartaal! Hier is 'n paar belangrike nuusbrokkies en datums om op jou kalender te merk:

**31 Julie 2025 - Konsert-USB-bestellings sluit**

Die Skakel!

Soete Drome

As jy graag 'n USB wil bestel met ons konsert se oulike herinneringe, klik asseblief op die volgende

**22 Augustus 2025** - Poppekas-uitstappie (Oom Karolus en Lente)

Ons gaan 'n baie spesiale uitstappie hê na die Poppekas by NG Gemeente Goedehoop op Vrydag, 22 Augustus 2025. Koste is R20 per kind. 'n Google vorm sal volgende week uitgestuur word waarop u kan betaal.

**Warm sjokolade vanaf volgende week.**

Ons begin volgende week weer met ons weeklikse bederfies – 'n heerlike beker warm sjokolade. Dis altyd 'n wenner op 'n koue dag!

**28 Julie 2025 vanaf 17:30 - Oueraand**

Ons hou oueraand Maandag, 28 Julie 2025 vanaf 17:30 in die klaskamers. Indien jy graag 'n spesifieke tyd wil bespreek om met die juffrou te gesels, laat weet ons asseblief vroegtydig.

**1 Augustus 2025 -** Pretdag #1 – Deurmekaar-dag!

Trek jou klere onderstebo en agterstevoor aan en kom lag saam op ons eerste pretdag van die kwartaal! Dis 'n lekker gekke-dag waar ons bietjie van die gewone af wegbeweeg!

Ons sien uit na 'n wonderlike kwartaal vol leer, lag en liefde. Baie dankie vir julle ondersteuning – dit maak alles moontlik.

Groete uit Goegieland

# Welkom Terug!


Baie welkom terug na die wintervakansie. Dit is baie lekker om ons maats weer terug te verwelkom. Hierdie was weereens 'n baie besige vakansie met al die toere en maats wat aan provinsiale toernooie deelgeneem het. Ons is dankbaar vir ons kinders wat gesond is en die wat op die paaie was, weer veilig terug is. Ons sien uit na 'n besige kwartaal en ons glo en vertrou dat ons ook hierdie kwartaal sal geniet. Ons wil u graag aanmoedig om deeglik die kwartaalprogram te bestudeer sodat u uself kan vergewis van waar u kind betrokke is. Ons sien ook uit na die revue hierdie kwartaal. Revue is een van daai besonderse aktiwiteite waar almal kan deelneem maak nie saak hoe goed jy dans of sing nie, almal is welkom.

# Landsdiens

Baie geluk aan Milan Zwarts, Monia-Lii Botha en Sebastian Stratford wat gekies is om Mpumalanga Landsdiens te verteenwoordig tydens die Provinsiale Landsdienskamp. Chloé Joubert is gekies as reserwe.










# Expo

Baie sterkte aan ons Expo-leerders! Ons wil graag vir ons Expo-leerders alle sterkte toewens vir die 30ste bestaansjaarviering van die Eskom Expo vir Jong Wetenskaplikes, wat op Saterdag, 26 Julie 2025 by Umuzi Lodge, Secunda plaasvind. Hierdie dag is die hoogtepunt van maande se harde werk, beplanning en navorsing. Hulle moes verskeie bronne bestudeer en hul joernale deeglik en noukeurig byhou. Ons is super trots op elkeen van julle!

Leerders wat deelneem:

- Philip Cloete
- Milan Zwarts
- Michael van Niekerk
- Theo Kruger
- Leané Luddick
- Minette Bezuidenhout

Baie dankie aan elke ouer wat hul kind ondersteun het tydens die voorbereiding van hierdie projekte. Julle betrokkenheid speel 'n groot rol in hul sukses. Hierdie waardevolle blootstelling maak weer nuwe deure oop vir ons leerders en help hulle om met selfvertroue en trots hul projekte aan te bied. Sterkte met die beoordeling van julle projekte – ons glo in julle!

















| 28 Jul | 29 Jul | 30 Jul | 31 Jul | 1 Aug | 2 Aug | 3 Aug |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Jacques Beukes | | Francisca Jordaan | Hailey Butler<br>Dihano Annandale<br>Mattias Viljoen<br>Kayla Briel<br>Adriaan v Dyk | Luan Vosloo<br>Suné de Lange<br>Daniella Ackerman<br>Ethan Small | Leah Botes<br>Gizelle Bidlingmaier<br>Katelyn Allers<br>Estian Loots<br>Emma Herbst<br>Mia v Zyl |

# Drama

Volgende week vind die Artistatue Kunstefees in ons skoolsaal plaas, daarom sal daar geen grootgroep-oefeninge wees nie. Leerders wat aan die Artistatue Kunstefees deelneem moet in dramaklere (swart) deelneem. Toegang beloop R20/toeskouer. Baie sterkte ook aan dié leerders wat deelneem!

**Graad 0**
Evalt Vermaas
Danel vd Walt
Zetcke Soul
Steyn van Onselen
Donné Pretorius

**Graad 1**
Leah Nieuwoudt
Klara Meyer
Leia Zwarts

**Graad 2**
Luka Breytenbach
Allison Lee
Mia vd Merwe
Ilincke Viljoen

**Graad 3**
Mia-né Smith
Wiané vd Berg
Pippa Jevon (Edu Detto)
Simon Mostert
Amoré Pretorius

**Graad 4**
Kiania de Beer
Cindy Bredenhann

**Graad 5**
Melandie Faber
Kaitlyn Shackelford
Linay Hartzer

**Graad 6**
Leané Luddick
Calita Cornelissen

**Graad 7**
Karlienke Norman
Milan Zwarts
AD Smuts (Edu Detto)

# Landloop

Baie dankie vir die lekker landlooptoer vanaf 4 tot 6 Julie 2026. Die atlete het dit baie geniet en baie geleer. Geluk aan elke atleet wat deelgeneem het op 19 Julie 2025 aan die klubliga wat plaasgevind het te Laerskool Goedehoop. Ons is trots op elkeen van julle. Baie sterkte aan die atlete wat deelneem aan die klubliga wat Saterdag, 26 Julie 2025 te Laerskool Goedehoop plaasvind. Ons glo in julle!

# Krieket



Baie geluk aan Juanru Liebenberg (o/10) wat tydens die vakansie 50 lopies (nie uit nie) geslaan het teen Laerskool Trichardt.

Tydens die wintervakansie het die Super 12 krieket te Rustenburg plaasgevind. Die o/11-krieketspan eindig 17de en die o/13's ook 17de uit 20 skole. Op Woensdag, 23 Julie 2025 het Goedehoop se o/13-krieketspan kragte gemeet teen LS Secunda. LS Secunda wen met 7 paaltjies.

# Hokkie

Die seisoen het met baie groot gees begin. Op 9 Julie 2025, vroegoggend, het ons die pad aangedurf Camp Discovery toe vir die hokkietoer. Wat 'n fees! Ons het so baie vaardighede aangeleer, soveel gees en spanbou aktiwiteite gedoen dat ons eintlik nie huis toe wou kom nie. Elke span het min of meer 8 wedstryde gespeel in die 4 dae, en elke hokkiespeler het baie gegroei. Ons is na die lekker toer baie lus vir die groot seisoen, sien baie uit. Dankie aan ons ouers wat die geleenthede raak sien en dit vir ons moontlik gemaak het.

# Dans

Ons was bevoorreg om tydens die vakansie 'n danskamp te kon bywoon. Nege van ons leerders het gegaan en wou nie terugkom nie. Ten spyte van seer lywe as gevolg van die hele dag se dans het hulle elke oomblik geniet en baie geleer om so hul dans te kon afrond. Ons is só dankbaar dat ons hierdie geleentheid kon bywoon.

# Dankbaarheid

Ons is dankbaar vir gesinstyd tydens die wintervakansie en dat ons kon kerk toe gaan.

**Goedehoop-Groete**
**Mnr. Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

